BURGER (Suid Kaap), Tuinroete Motors
26 May 2011, p.3

Die Mégane RS is deur sowel *Car* as *Topcar* as die Blitsbuks van die Jaar vir 2011 aangewys.
FOTO'S: JOHANN VAN TONDER



Sportmotor-stilering en vloeiende lyne wat amper aan 'n Italiaanse styl grens.

Mégane RS is koning van die blitsbuksies

Lugsakke, elektriese vensters, kragstuur, 'n klankstelsel, GPS, sentrale sluiting en sleutellose toegang is standaard in die Mégane RS.

Die Mégane RS het 'n tweeliter-turbo-enjin wat 184 kW teen 5 500 r/min. en 340 Nm wringkrag teen 3 000 r/min. lewer.

JOHANN VAN TONDER
George

Die Mégane RS, gebore uit 'n ou bloedlyn van Renault-renmotors, was goed verteenwoordig by verlede naweek se Knysna Hill Climb.

Die sogenaamde Brat Pack, 'n uitgesoekte groep Suid-Afrikaanse renjaers, het mekaar daar in dié gesogte ryding die stryd aangesê.

Die "Brat Pack" het bestaan uit Deon Joubert, Mike Briggs, Grant McCleery, Robbi Smith, Geoff Goddard en Duncan Vos. Joubert het met die louere weggestap.

Toe Renault onlangs die Mégane RS bekend gestel het, het die model die blitsbuksmark soos 'n vuishou van 'n swaargewigbokser getref.

Hierdie Mégane is nie net mooi nie, hy is vinnig – ontsettend vinnig!

Kyk sommer uit die staanspoor na die syfers.

Die Mégane is ook 'n alledaagse luikrug. Hoewel die beenruimte agter aan die knap kant is, is daar genoeg plek vir die gesin.

Die Mégane RS het 'n tweeliter-turbo-enjin wat 184 kW teen 5 500 r/min. en 340 Nm wringkrag teen 3 000 r/min. lewer. Hy versnel van 0 tot 100 km/h in 'n raps meer as 6 sekondes en hou die versnelling vol tot 'n topspoed van 250 km/h.

Die RS is beskikbaar in twee modelle: die RS en die RS Cup. Laasgenoemde beskik oor 'n ren-aangepaste onderstel met 'n opsionele beperkte glip-ewenaar vir verbeterde padhouvermoë en werkverrigting. Die Mégane RS lyk nie net soos 'n sportmotor nie, hy blaf ook saam met die groot honde.

Dit is uit die staanspoor duidelik dat Renault hier 'n motor wou bou wat die toekomstige standaard vir blitsbuksies sal stel.

Met 18-duim-allooivellings en laeprofielbande, sportmotor-stilering en vloeiende lyne wat amper aan 'n Italiaanse styl grens, trek die Mégane onmiddellik aandag. Binne-in die motor word die ren-tema voortgesit met diep rentipe sitplekke en 'n heldergeel toereteller. Alles dui daarop dat die primêre doel van die ontwerp spoed was; tog word die alledaagse funksies nie agterweë gelaat nie.

Voordat jy die Mégane aanskakel, weet jy al dit gaan 'n vinnige motor wees, maar min kan jou voorberei op wat volg as jy jou voet neersit. Hier hoef jy nie die perde bymekaar te maak nie, hulle is klaar daar! Die motor is ontsettend reaktief.

Tagtig persent van die wringkrag is reeds vanaf 1 900 r/min. beskikbaar, en die sesspoed-ratkas wissel seepglad ratte in wat voel soos breukdele van sekondes.

Selfs geringe bewegings met die stuur, remme of versneller het 'n onmiddellike effek, en die motor gee baie terugvoer terwyl jy ry. Omdat daar nie vertragings in reaksie is nie, boesem dit baie vertroue in en is die motor werklik maklik om vinnig te bestuur. Die enigste ding wat nie maklik is nie, is om binne die spoedgrens te bly, want dié motor smeek om vinnig gery te word. Hy is omtrent 'n adrenalienfabriek!

Ten spyte van die Mégane RS se ren-agtergrond is hierdie een nie net 'n sportmotor nie; die Mégane is ook 'n alledaagse luikrug en 'n tweedeur-viersitplek-motor. Hoewel die beenruimte agter aan die knap kant is, is daar genoeg plek vir die hele gesin. Die kattebak is ruim, en lugsakke, elektriese vensters, kragstuur, 'n klankstelsel, GPS, sentrale sluiting en sleutellose toegang is standaard in die RS.

Die Mégane RS is deur sowel *Car* as *Topcar* as die Blitsbuks van die Jaar vir 2011 aangewys.

Daar is dus geen rede hoekom dié sportmotor nie sommer ook jou alledaagse voertuig kan wees nie. Of dit nou werk toe of huis toe is, die RS sal seker maak dat jy met 'n tamaai glimlag op jou bakkies opdaag.

■ **Johann van Tonder is 'n vryskut-motorjoernalis van George. Vir meer indrukke oor dié motor, stuur gerus e-pos na motor@trail-rider.co.za.**